

MEDIAVERKLARING I MEDIA STATEMENT

AGRI SA

18 Mei 2023

# Landbouwerkskeppingsyfers beklemtoon behoefte aan geteikende beurtkragverligting

Agri SA het kennis geneem dat die resultate van die jongste Kwartaallikse Arbeidsmagopname weer eens die buitengewone bydrae van die landbousektor tot die land se ekonomie demonstreer, asook die feit dat die sektor teen die negatiewe impak van beurtkrag beskerm moet word.

Wat werkskepping betref, gaan die landbousektor voort om bokant sy vermoë te presteer. Terwyl indiensneming nasionaal met 0,2% afgeneem het, het werksgeleenthede in die landbousektor met 3,2% gestyg. Hoewel die landbousektor slegs 1,5% van die nominale BBP verteenwoordig, voorsien die sektor 5,4% van die land se werksgeleenthede.

Hierdie syfers beklemtoon die sentraliteit van die landbousektor tot die Suid-Afrikaanse ekonomie en die noodsaaklikheid van geteikende verligting van beurtkrag wat werksgeleenthede sowel as voedselsekerheid in die land bedreig.

Sedert die begin van die oorlog in Oekraïne het die sektor geweldige stygings in die koste van landbou-insette ervaar. Hierdie inflasionêre druk hou ‘n bedreiging in vir die finansiële lewensvatbaarheid van boerderybedrywighede oor die land heen en word vererger deur die eskalasie in beurtkrag wat ‘n buitengewone toename in die koste van energie vir besproeiing, verkoeling, en ander landbou- en agro-bewerkingstelsels meegebring het.

Terwyl die land sukkel met ‘n voortslepende werkloosheidskrisis moet ons erkenning gee en ondersteuning bied aan die arbeidsintensiewe sektore wat werksgeleenthede in Suid-Afrika skep. Agri SA sal dus voortgaan om te verseker dat die landbousektor die verligting ontvang wat hy nodig het om werkers se lewensbestaan en voedselsekerheid in die land te handhaaf.

**Navrae**

Christo van der Rheede
Agri SA: Hoof Uitvoerende Beampte
083 380 3492

Thulile Sikhosana
Administrateur: Sentrum van Uitnemendheid – Arbeidsake
068 033 5653